WERK EN WEN
1905

TRALIE VARIA 2015

Tralie Varia behaal 'n 1e plek in die Vrystaat in Media24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2014

MEI · JAARGANG 43

Hoërskool Sentraal Bloemfontein: Genl. Cronjéstraat, Dan Pienaar, webwerf: www.sentraal.co.za, e-pos: mail@sentraal.co.za, Tel.: (051) 4101800


3

NUUS: Leerderraad open *Frozen*-sottekonsert op die ritme van *Anna en Elsa se liedjie*


8

KOSHUIS: Koshuismatrieks spook by juniors tydens jaarlikse nonne aand


9

SPORT: Rasieleiers skreeu stemme hees tydens vanjaar se Interhoërgala


12

SPORT: Stéfan Hattingh steek die Traliegees aan die brand by JF *Classic Clash*

Makietie haak Tralies

110-jaar feesvieringe lei splinternuwe tradisies in



Herman Naudé en Louis Hager hardloop met hoëhakskoene tydens Traliemakietie naweek. **Foto: Geo Jooste**

NICCI CILLIERS

Tradisies bestaan al jare lank hier by die Hoërskool Sentraal, maar vanjaar het elke Tralie deel geword van 'n nuwe tradisie wat die skool net tot voordeel gaan strek.

Die Traliemakietie het op 'n Vrydag met 'n skattejag en 'n hoëhakskoen-wedloop afgeskop. Leerders sowel as brawe onderwysers het hieraan deelgeneem. Die gedruis van die *Harley Davidson* motorfietse, die skattejag op die rugbyveld en 'n besoek van die *Knights* se krieketspelers, het deel uitgemaak van die makietie atmosfeer.

Daardie aand het van die skool se beste kunstenaars hulle staal by *Tralies Got Talent* gewys. Daar was items uit verskeie genres. Solo-optredes deur talentvolle jong sangers asook die musici wat verskeie instrumente soos die klavier en die tjello bespeel het. Gustav Henning (graad 12) het die gehoor en die beoordelaars met sy unieke dansroetine verras en die eerste plek verower.

Saterdag kon besoekers aan die makietie hulle tyd verwyl deur tussen die kleurvolle stalletjies rond te stap. Hulle kon ook die netbaldogters luidkeels tydens hulle proewe ondersteun. Potensiële Tralies kon hulle talent tydens die mini-rugby wedstryde wys.

Die senior spanne het hulle spiere tydens die ligawedstryde teen HTS Louis Botha gewys. Die eerstespan het hulle wedstryd, onder leiding van kaptein SJ Fourie, gewen. “Ons was dalk nie die grootste span op die veld nie, maar beslis die span met die grootste hart,” sê Fourie.

Die opwindende makietie naweek is die Sondag met 'n erediens in die skoolsaal afgesluit.

Matrieks se uitslae is in die kol

ANKE ARCHER

Die Hoërskool Sentraal se matriekklas van 2014 het weereens bewys waarom dié skool een van die voorkeurskole in die Vrystaat is.

Dié matriekklas spog met 'n slaagsyfer van 100%. Die vier leerders – Berna Coetzee, Brandon Daffue, Hanré Herbst en Paul Schall – het met gesonde kompetisie mekaar vanuit die staanspoor gemotiveer om hulle beste akademiese prestasie te lewer. Dié leerders het sodoende posisies onder die top 50 akademiesepresteerders in die Vrystaat ingeneem. Die top 10 akademiese presteerders in dié klas het vyf en meer A-simbole in die Nasionale Senior-sertifikaat eksamen behaal.

Schall, met 'n gemiddeld van 90,57%, het 7 A-simbole verwerf waarvan 'n 100% in Duits sy beste prestasie was. "Dit is altyd lekker wanneer harde werk beloon word: *Ich bin sehr zufrieden mit meinen Ergebnissen*," sê Schall.

Coetzee, redaktrise van die Tralie Varia in 2014, het 'n gemiddeld van 89,28% behaal. Sy het ook 8 A-simbole ingepalm en studeer tans Bedryfsingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria. "Ek is baie dankbaar vir die bydrae wat my onderwysers tot my uitslae gelewer het. Ek gaan die Tralie-omgewing baie mis, maar sien uit na 2015 se nuwe uitdagings."

Daffue, volg kort op haar hakke met 'n gemiddeld van 89,14%. Hy is tans besig met sy MBChB aan die Universiteit van die Vrystaat.

Herbst, een van die Volksblad en die Universiteit van die Vrystaat se Matrikulant van die jaar kompetisie finaliste, het met 7 A-simbole en 'n gemiddeld van 88,33% weggestap. Herbst het dieselfde driekamp-wenresep op sy akademiese uitdagings toegepas.

204 onderskeidings is in die annale aangeteken. Van die 188 leerders het 183 vrystelling tot verdere studie aan 'n tersiêre instelling verwerf. Die Hoërskool Sentraal poog om vanjaar 'n 100% slaagsyfer te behaal. “Mik altyd hoër,” was Daffue se motivering en sleutel tot sukses. Dit is presies wat die Tralies hierdie jaar van plan is om te doen.

Na 30 jaar sê juffrou Annina (Mossel)baai

Departementshoof ruil Bloemfontein vir huisie by die see en voete in die sand



Me. Annina Hefer se laaste jaarbladfoto. **Foto: Sarel Greyling**

GERDUAN KEMP

Albert Einstein het eenkeer gesê: "Die lewe is soos om fiets te ry: om balans te hou, moet jy aanhou beweeg." Dit is die rede waarom me. Hefer haar kans om 'n see-uitsig te hê nie deur haar vingers laat glip het nie.

Hoe lank is me. al 'n onderwyser aan die Hoërskool Sentraal?

Ek is al 30 jaar aan Sentraal verbonde. In 1986, het ek hier as 'n 21-jarige, jong en onervare onderwyseres begin. In 2010, is ek as departementshoof aangestel waar ek Rekenaartoepassingstegnologie doseer het.

Ons verneem dat me. self ook 'n Tralie was, vertel ons bietjie meer oor u hoërskooljare?

Ek het in 1977 as gr. 8-leerder hier begin skool gaan. In my matriekjaar het die Hoërskool Dan Pienaar en die Hoërskool Sentraal, wat toe nog in Andries Pretoriusstraat geleë was, saamgesmelt. Vanaf 1981, staan die skool as die Hoërskool Sentraal bekend. Ek is as hoofdogter gekies en met die dat die twee skole saamgesmelt het, was daar twee hoofseuns en twee hoofdogters.

Was dit nog altyd me. se droom om 'n onderwyser te word?

Nee, glad nie! Ek wou 'n rekenmeester word, aangesien my ma en pa albei onderwysers was en ek nie dieselfde beroep wou volg nie. Ek het drie jaar BCom finansieel studeer. Daarna het my ma aanbeveel dat ek 'n onderwysdiploma moet volg; alhoewel ek glad nie daarin belang gestel het nie. Na my proeftydperk by die Hoërskool Sentraal het ek tot die besef gekom dat dít is wat ek vir die res van my lewe wil doen.

Alhoewel me. Rekenaartoepassingstegnologie as vak gegee het, was me. ook betrokke by die organisasie van die skool se geesvanggeleenthede. Watter geleentheid staan vir u uit?

Definitief die 2013 - *Classic Clash* teen die Hoërskool Jim Fouché. Die Saterdagmiddag het bykans 650 Tralies by JF opgedaag om die eerste rugbyspan te ondersteun. Met die liedjie, *As ek na die Tralies kyk*, met sy bewegings en entoesiastiese rasieleiers, was dit glad nie buitegewoon dat daar ekstra sitplek aan die massa Tralies voorsien moes word nie.

Wat sal me. altyd van Sentraal onthou?

Definitief die Tralies! Ek het werklik vir baie humoristiese kinders skool gehou en ons het baie lekker saam gelag.

Ons verneem dat me. nou 'n huisie by die see gaan hê. Wat gaan me. die meeste van Bloemfontein en sy mense mis?

Ek is hier gebore en getoë. Ek ken baie mense, maar die persoon wie ek die meeste gaan mis is my beste vriendin, me. Magretha Rodgers.

Vertel ons 'n paar dinge wat ons nie van juffrou weet nie?

Ek is 'n vegetariër wat mal is oor sjokolade en om 'n *Wakaberry* saam met my geliefdes te geniet. Ek stap elke aand met my husky, Gucci, en oefen ook graag in die gimnasium. Popmusiek se top-speellys laat my voete jeuk.

Het me. 'n boodskap vir die Tralies?

Onderwys is nie 'n maklike beroep nie, maar dit is die kinders vir wie jy skoolhou wat dit die moeite werd maak. Ek wil graag vir die Tralies 'n boodskap gee: 'n Persoon maak 'n bestaan met dit wat jy ontvang, maar jou lewe kry waarde deur dit wat jy vir ander doen. Julle moet altyd onthou *I'm a Tralie till I die*.

Die spieëlbeeld van gesonde jeug

MARYNA VAN WYK

'n Skouspelagtige aanbieding van die 2015 mnr. en mej. Tralie het die gehoor se aandag die hele aand geboei. Die belangstelling is geprikkel deur die kleurvolle poeierverf-foto's wat die rondte op facebook gedoen het.

Daar is uit elke graad 11-klas vier deelnemers genomineer waarvan net 20 finaliste die taai toets deurstaan het. Die finaliste was 'n toonbeeld van glans en elegansie toe hulle die gehoor vanaf die loop-plank bekoor het.

Die geleentheid was 'n uitstekende vertoonvenster vir die graad 10- en graad 11-ontwerpleerders om hulle uitsonderlike talent uit te leef. Hulle het die uitdaging bemeester deur skeppings uit afvalmateriaal vir die finaliste te skep. Die OFM omroeper Success Lekabe, voormalige SA-skole netbalspeelster, was die seremoniemeester en het die gehoor uit haar hand laat eet. Haar vrae aan die top 10-finaliste was bepalend in die aanloop tot die kroning.

Rocco Willemse en Monique du Preez is onderskeidelik as mnr. en mej.Tralie aangewys.

"Sentraal het hierdie jaar waardige wenners nodig om die skool tydens die *Classic Clash* teen Jim Fouché te verteenwoordig," sê me. Poedels du Plessis die koördineerder.

Skandeer vir meer!

Engels-onnie toor met wysies en woorde

JOHAN CHAMPION

Elke Tralie sit vasgenael voor die televisieskerm. "Ons wil vir mnr. William Loots op die televisie sien," volgens Leila Champion, 'n graad 9-leerder.

In 2008 se ATKV Crescendo liedjieskryfkompetisie het Loots, wat sedert 2009 'n Engels-onderwyser aan die Hoërskool Sentraal is, gewen. Loots het vanjaar om die titel van die beste liedjieskrywer in kykNET se Afri-visie liedjieskryfkompetisie meegeding.

Die Tralies het keer op keer hulle selfone nader getrek om vir sy liedjie te stem. Dit het vir dae lank gegons oor dié Engels-onderwyser wat ook 'n beroemde liedjieskrywer is.

Mnr. Loots, wie se tweede baba dogtertjie na aan die kompetisiedatum gebore is, het byna aan die kompetisie onttrek. Hy het egter van plan verander en hy en Lee Scott, die sanger wat sy liedjie tydens die kompetisie gesing het, het gou weer skouer aan die wiel gesit. Met sy liedjie *Wie is jy*, het hy daarin geslaag om 'n algehele vierde plek uit 1575 inskrywings te behaal.

Me. Nadia Röll, mede-kollega, sê: "Dit is 'n besondere mooi liedjie en dit moes definitief gewen het."

Tralieharte is opsoek na ander helfte

LIZE JACOBS

John Michael het gesê: "Daar is slegs twee dinge wat 'n mens deur die gejaagde lewe van vandag dra: die liefde wat jy ontvang asook die liefde wat jy uitdeel." Valentynstyd by die Hoërskool Sentraal is 'n tyd waar drukkies oor en weer uitgedeel word, waar soentjies hier en daar geblaas word en Kupido bykans almal betower.

Gedurende die valentynsvieringe was 'n liefdesatmosfeer duidelik in vrolike skakerings van pienk, wit en rooi te bespeur. Leerders kan tradisioneel op hierdie dag blou vir pienk verruil.

Leerders het die unieke Tralie-weergawe van *Boer soek 'n vrou* terdeë geniet. Tydens hierdie proses is 'n seun (boer) en dogter (boervrou) uit elke graad gekies om aan hierdie unieke aktiwiteit deel te neem. 'n Week van kopkrap en briefskrywery het gevolg.

Die boer en boervrou het die geleentheid gekry om die briewe te lees en hulle drie finaliste te kies. Die hoogtepunt was tydens 'n saalperiode waar die geblindoekte boer en boervrou uit elke graad een vraag aan elke finalis kon vra.

Na gelang van die antwoorde is die keuse gemaak en is 'n piekniek, trots geborg deur Spar, die volgende oggend by Oliewenhuis geniet.

Die vieringe is nostalgies met die *Great Gatsby*-valentynsbal afgesluit.



Seniors gewaar Kupido in die vêrte. **Foto: Charles Whitehead**

Van 'n Trolwees tot 'n Traliewees

Samewerking en spangees onder die Trale was nie gevries

NICCI CILLIERS

Vanjaar se sottekonsert het met 'n splinternuwe aanslag verras en die gehoor was vasgevries op hulle stoele.

Anders as voorheen, is die hele groep in klasverband betrek vir die aanbieding van 'n melodrama. Elke klas was verantwoordelik om 'n toneel uit die gewilde animasiefilm *Frozen* aan te bied.

Onder leiding van gekose leerderraadslede het hierdie aanbieding dekor, kostuums, grimering en choreografie ingesluit.

Die spontane deelname van die *akteurs* het 'n luide applous tot gevolg gehad wat die elektriese atmosfeer ontlont het. Die graad 8F-klas (die majestueuse bergtrolle) se seepgladde skuifelstappies en groen-swartsakkostuums het hulle met die louere laat weggestap. Hierdie klas se kreatiewe denke was in die ongewone gebruik van reeds genoemde rekwisiete sigbaar.

Die seremoniemeester, Gerhard Steyn (graad 12), het ten slotte die sottekoning en sottekoningin aangekondig. Die eer het Franco Fourie (bekend as *Smeagol*) en Cara le Roux (*Badlap*) te beurt geval.

Mnr. William Loots, aktiwiteitshoof, sê: "Te danke aan my tweejarige dogtertjie, Amelie, het hierdie idee by my posgevat. Die graad 8's het spontaan ingekoop en dit laat realiseer."

Na afloop van die konsert het elke graad 8-leerder sy skoolbaadjie vir die eerste keer met trots aangetrek. Coca-Cola het elkeen se naam op 'n blikkie aangebring en die hoofleiers het dit saam met 'n Traliebalkie aan die graad 8's oorhandig. Die Trolle is nou volwaardige Tralies.



Tatiana Smit skitter as Anna op die verhoog. **Foto: Geo Jooste**

VRL in fondse en verheug kinderhartjies

LEILA CHAMPION

Die VRL-lede is hard besig met projekte om minderbevoorregte kleuters te help. Die doelwit van hierdie jaar se insameling was om die Molimo o Lerato kleuterskool by te staan.

Regdeur die jaar het al die VRL-lede gewedywer om die graad wat die meeste fondse geïn het, aan te wys. "Ek is trots op die leerders se onbaatsugtige diens aan hulle medemens," sê me. Poedels du Plessis (aktiwiteitshoof).

Ter stuiwing van die fondse is weeklikse koekverkopings gehou. Vyf en twintig van dié kleuterskool se leerders se hartjies was verheug toe hulle stoeltjies en tafeltjies ontvang het. Menige woelige kleuters se fyn motoriesevaardighede word deur 'n skenking van springtoue (deur Leandrie Slabbert, 'n graad 11-leerder aan die Hoërskool Sentraal) ontwikkel.

Om kreatiwiteit te ontwikkel en die kinders produktief besig te hou, is gekleurde klei, verf, kwassies, gom en skêre aan die skool geskenk. 'n Groot hoeveelheid verf is geskenk met die doel om die kleuterskool se geboue op te knap en op te vrolik.

Die hoof van die kleuterskool was veral in sy skik met die waterbottels wat geskenk is omdat skoon, vars drinkwater altyd 'n probleem is.

Mardo Botha (VRL-lid, graad 9) het gesê: "Dit was 'n fantastiese ervaring om die kindertjies te help. Die waardering wat hulle getoon het, het my gemotiveer om weer vir minderbevoorregte leerders fondse in te samel."

Kyk'NET' hoe die speellys aftel



Mnr. Johan Vorster kondig Sentraal se no. 2-liedjie aan. **Foto: Gerduan Kemp**

DANIÈLLE SKOG

Ligte, kameras, Top 10! KykNET skole top 10 is 'n televisieprogram wat van skool tot skool beweeg en die leerders se top 10 liedjies, met Suid-Afrika deel. Die Hoërskool Sentraal het die voorreg gehad om na vier jaar weer deel te kon uitmaak van hierdie beeldsending.

Die verfilming van elke liedjie moes soms tot vier keer oorgedoen word voor die regisseur tevrede was. Die liedjies weerspieël die geesdrif onder die leerders. "Dit was regtig 'n nuwe ervaring, maar ek het nie gedink dat dit sulke harde werk gaan wees nie!" sê Gerhard Steyn, 'n graad 12-leerder en mede-aanbieder van die program.

Die opgewondenheid onder die leerders was amper tasbaar. Die Tralies het soos splinternuwe sikspense gelyk en het breed geglimlag elke keer as die kameras in hulle rigting beweeg het. "Dié program bied 'n wonderlike bemarkingsgeleentheid op nasionale televisie. Suid-Afrika moet weet dat Sentraal een van die beste skole in Suid-Afrika is," meen mnr. William Loots 'n onderwyser aan die skool.

Die opnames het die hele dag geduur en almal was uitgeput na die dag se gebeure. Die dag was na die mening van beide die Hoërskool Sentraal en kykNET 'n reuse sukses.

Akademie word op dié manier afgerond

ANJA SIEMENS

Die Hoërskool Sentraal se Akademiese Vereniging (AV) is 'n eksklusiewe vereniging waar uitgesoekte graad 10- tot 12-leerders vergader om die akademiese welstand van die skool te bevorder. Die top tien graad 9-leerders word aan die einde van graad nege uitgenooi om deel te word van dié vereniging.

Die AV vergader Vrydae voor skool. Tydens hierdie vergaderings word verskeie projekte beplan soos fondsinsamelings en toere. Lede van die AV organiseer ook tweeweeklikse steekproewe onder onderwysers en leerders om sekere, soms kontroversiële, menings in te win. Hiermee word die akademiese visie van die skool bepaal en gereelde terugvoer aan die akademiese hoof, mnr. Du Toit Neethling, gegee. 'n Motiveringspreker tree een keer per kwartaal tydens hierdie Vrydag-vergadering op.

Die AV bied elke jaar die Jeugberaad aan waar toppresterende leerders uit die hele Vrystaat dié spoggeleentheid bywoon.

Die AV bestuur 'n mentorskapprojek onder leerders van Sentraal. Die AV-lede verleen akademiese hulp aan medeleerders, wat remediërende leiding in sekere vakgebiede benodig. 'n Jaarlikse liefdadigheidsprojek is die Teddiebeerprojek, waartydens teddiebere ingesamel word en na minderbevoorregte skole in Bloemfontein geneem word.

Die AV-toer is jaarliks die hoogtepunt op die kalender. Dit bied die geleentheid om Suid-Afrika se verskeie besienswaardighede op 'n nuwe manier te verken.

Renette de Lange, een van die graad 12 AV-lede, se mening oor dié vereniging is as volg: "Ons uiteenlopende persoonlikhede, positiewe ingesteldheid en belangstellings maak van hierdie groep dinamiese leerders 'n baie unieke groep."



Juvenes Cantantes maak musieknaam oorsee

Afrika-klanke weerklink in Europese katedrale tydens Sentraal se koortoer

LAURA THERON & PAUL JOUBERT

Die Hoërskool Sentraal se skoolkoor het vanaf die O.R. Tambo internasionale lughawe na die stad Warskou in Pole vertrek. Hongarye, Slovenië en Italië is ook drie van die ander lande wat tydens dié toer besoek is.

45 koorlede, drie onderwysers en enkele ouers het die koor vergesel. Mnr. Corné van Pletzen was die dirigent tydens die toer, mnr. Hans Potgieter die begeleier en me. Alida van der Walt die stemafrigter. Me. Van der Walt is 'n bekende sopraan van Bloemfontein. Sy het ook as solis saam met die koor opgetree. Mnr. Bonisile Gcisa, 'n navorser in Afrikamusiek aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) het tydens die koor se oefensessies leiding gegee in tradisionele Afrikaliedere. Die musiek was baie gewild onder die Europeërs.

Die koor het die geleentheid om aan die Internasionale Advent- en Kersmusiek koorkompetisie in Krakow te kon deelneem ten volle benut. Hier het Juvenes Cantantes 'n eersteplek in hulle kategorie behaal. Ilka de Beer, 'n gr. 12-toerlid het aan die Tralie Varia meegedeel dat sy opgewonde oor dié prestasie is: "Almal het 'n positiewe ingesteldheid rakende dié kompetisie gehad. Dit is 'n besondere eer om dié hoogste sport te kon beryk."

Die koor het ook op die Ou Markplein in Warskou, in 'n soutmyn in Krakow en in die Ou Middestad van Slovenië opgetree.

In Warskou het die koor in die Barnabite-kerk opgetree. Op pad na Krakow het die koor by Aleksandrów Łodski-skool in Łodski opgetree. Die Krakowse kompetisie het plaasgevind in die Peter en Paul-kerk, die Mariacki-kerk en St. Maria se basilika.

In Zakopane, Pole, het 'n pragtige sneeulandskap die koor in verwondering gelaat. Herinneringe aan die maak van sneeu-engele en die sleëritte het 'n blywende indruk gelaat. Dr. Monica Venter (oud-adjunkhoof) het vir groot vermaak gesorg toe sy van die slee afgeval het.

Die koor het in 'n luukse vyfster hotel in die stad oornag waar hulle soos koninklikes behandel is.



Die toergroep staan voor die ruïnes van 'n ou paleis in Szentendre in Hongarye. **Foto: Verskaf**

Die volgende stad wat die koor besoek het, was Ljubljana, Slovenië. Me. Van der Walt het gesê dat dié stad sprokiesmooi is en dat die mense baie vriendelik is. Die koor het daar in die bekende St. Nicholas-katedraal gesing.

Die toer is met 'n finale optrede in die Santa Maria Goretti-kerk in Venesië, Italië afgesluit. Die uitvoering was 'n geestelik verrykende ervaring.

"Dit is 'n belewenis wat horisonne verbreed," het mnr. Van Pletzen aan die Tralie Varia gesê. "Om met 'n koor oorsee te toer is verrykend."

[Video van koortoer sal beskikbaar wees op TralieTV Youtube-kanaal]

Voortrekkers hou koers op kommandokamp

LISA-MARI DE KLERK

Die Voortrekkers het hulle jaar begin met 'n genotvolle kommandokamp te Mooigenoeg, 'n plot ongeveer 4km buite Bloemfontein. Die kamp, gereël deur die graad 11-verkenners, het 'n naweek geduur. Die verkenners se hoofdoel was om die waterveiligheidkenteken tydens die kamp te verwerf.

Van die vereistes om te kwalifiseer vir dié kenteken is om Kardiopulmonale Resussitasie (KPR) op 'n volwasse "drenkeling" toe te pas. Hulle moes al die noodnommers memoriseer asook verskeie tegnieke, om 'n drenkeling te red, aanleer.

Nóg 'n mikpunt van die jaarlikse kommandokamp is ook dat verkenners hulle ABC-punte kan verbeter. Om daarin te slaag moes die spanne aan die volgende aktiwiteite deelneem: krieket, 'n kampvuurkonsert in die amfiteater asook 'n jolige sokkie.

Die graad 8-verkenners is as deel van hulle inlywing as nuwe kommando lede geteer en veer. Die kommando lede het ook geensins teruggestaan vir die skoolkoor nie en daar is uit volle bors om die kampvuur gesing. "Ek het die kamp ten volle geniet en is trots op die kentekens wat ons verwerf het," sê 'n graad 10-verkenner Andrelize van der Walt.

'n Ander hoogtepunt is die Doornkloofkamp. Voortrekkers sien dit as 'n geleentheid om hulleself beter te leer ken, asook om aan verskeie leersame, dog plesierige aktiwiteite deel te neem. Tydens die kamp word Voortrekker-vriende van verskeie kommando's herenig. Doornkloof is ook die ideale manier om van die daaglikse gejaag en spanning ontslae te raak en voorsien aan tieners 'n manier om sonder elektroniese apparate te ontspan.

Vanjaar is die Werk-en-Wen kommando van die Hoërskool Sentraal amptelik 95 jaar oud. Dié kommando is die oudste kommando in Suid-Afrika. Gedenktekens word tradisioneel deur dié opgerig om hulle verjaardae te onthou. Ter viering van dié besondere verjaardag het die Vories hulle vingerafdrukke, in die vorm van 'n 95, teen die Voortrekkerhuisie se muur verewig.

Die Werk-en-Wen kommando is een van die grootste kommando's met 'n ledetal van 107. Dié kommando spog nie net met die oudste kommando offisier nie (80), maar hy het ook die langste diensjare - 'n volle 70 jaar! "Ons is baie bevoorreg om oom Josias Swanepoel, die afgelope 15 jaar as offisier, by Werk-en-Wen kommando te ken," sê Wesley Schutte, kommando jeugleier.



Voortrekkers verkeer gesellig tydens Doornkloofkamp. **Foto: Verskaf**

ATKV Jeugtak is trots Afrikaans

LEANDRIE SLABBERT

Die Hoërskool Sentraal se ATKV Jeugtak is deel van die landswye ATKV-organisasie wat die ontwikkeling, behoud en uitbou van die Afrikaanse taal en kultuur wil bevorder. ATKV@traliejeug staan tans onder voorsitterskap van Leandrie Slabbert (graad 11) en haar bekwame bestuurslede.

Hierdie organisasie bevorder onder meer redenaars- en debatvaardighede. Daar word ook gefokus op die aanbieding van skryfkursusse in genres soos prosa, toneel, drama so wel as poësie. Spelkompetisies, koorsang en olimpiades maak deel uit van die jaarprogram.

Dié jeugtak neem deel aan die landswye Abbasorg-projekte asook projekte wat plaaslike behoeftes aanspreek. Daar word besoeke by die volgende instellings afgelê: hospitale, kleuterskole en ouetehuise. By die hospitale word die kinders in die kankersaal met handgemaakte speelgoed bederf. Die lede van die jeugtak speel gereeld opvoedkundige speletjies met minderbevoorregte kleuters om hulle fyn- en grootmotoriese vaardighede te ontwikkel. Moet egter ook nie van die bederfdag by ouetehuise, waarna ons ouer garde uitsien, vergeet nie.

"Die ATKV bied aan my die geleentheid om my in my taal uit te leef en my gemeenskap met my gawes te dien," sê Elmarie de Klerk, een van die ATKV-bestuurslede.

Tralies woeker by Waterkloof

Juvenes Cantantes sing onder Pretoria se jakarandabome



Juvenes Cantantes voor hulle optrede by die Hoërskool Waterkloof. **Foto: Paul Joubert**

JOHAN CHAMPION

Ralph Waldo Emerson het eens gesê: "Musiek is 'n toevlugsoord. Dit neem ons weg uit die werklikheid en fluister aan ons geheime wat ons laat wonder of ons besig is om ons lewensdoel te bereik. Dit is asof fluisterende engele in die musiek sweef."

Die koor het saam met mnr. Hans Potgieter en me. Alida van der Walt die pad na Pretoria aangedurf. Die jongelinge het geborrel van opgewondenheid en só die atmosfeer gevul. Na vyf uur van onophoudelike gegiggel en geklets, het die koor by die Hoërskool Waterkloof aan wal gegaan.

Elke seun en dogter is by hulle sogenaamde *familie* ingedeel. Net voor sewe het elkeen gereedgestaan in sy swart gewaad - die tradisionele koordrag. Ten spyte van die feit dat almal se broekspype gebewe het van die spanning, was daar 'n glimlag op ieder en elk se gesig te bespeur. Begelei deur mnr. Potgieter, het die Tralies hulle repertoire foutloos uitgevoer. Die gehoor het in vervoering geluister na die klokhelder sopraan- en basstemme. Die Klofies het ook nie terleurgestel nie en het binne 'n paar oomblikke die gehoor op hulle voete gehad. Die aand is afgesluit met 'n massakooruitvoering.

Dit was edik vir elkeen se siel toe die terugtog huis toe hervat is. Na 'n uur of twee het Klaasvakie elke kind besoek en voor hulle die slaap uit hulle oë kon vee, het die busdeure oopgeswaai en die bekende Vrystaatreuk het die lug gevul. Die koorlede het bewys dat harde werk en sukses hand aan hand loop.

"Dit was 'n voorreg om tyd saam met medekoorlede deur te bring," het Helouise le Roux, 'n graad 11-koorlid gesê.

Woorde maak deure oop

LEANDRIE SLABBERT

Die vraag oor die rol van debat en redenaars in die hedendaagse milieu kom gereeld na vore. Is daar werklik nog plek binne die huidige skolastiese sisteem vir eersgenoemde? Tyd is kosbaar en leerders swig onder akademiese druk.

Redenaars sluit in dat leerders in staat moet wees om onder andere bronne na te vors, te analiseer asook om sinvolle en interessante voorleggings saam te voeg. Sprekers verbeter hulle selfvertroue en ontwikkel 'n positiewe selfbeeld. Leerders kry die geleentheid om kompeterend teen sterk sprekers deel te neem.

Sprekers se kreatiewe vermoëns om die inhoud van die navorsing oortuigend oor te dra en die gehoor se aandag gevange te hou word gestimuleer. Die leerders put genot daar uit om hulle nie-verbale oortuigings verbaal aan die gehoor oor te dra. Dit dra ook by tot die holistiese ontwikkeling van die leerders.

Die redenaars wat na die jaarlikse ATKV-halfeindrondte deurgedring het, is Leandrie Slabbert en Paul Joubert (graad 11) asook Janke Alberts (graad 12). Hierdie was 'n uitsonderlike prestasie, want die meeste sprekers wat na dié rondte deurgedring het, was van die Hoërskool Sentraal.

Die debatspan wat na die halfeindrondte deurgedring het, is Paul Joubert (graad 11) en Sune Kassimates (graad 12). Dít is hoe die leiers van môre lyk... en praat!

Koningskinders raak ontslae van bagasie



Voornemende kringleiers span saam tydens groepaktiwiteit. **Foto: Corli Bekker**

MICARLA DU PLESSIS

Kringleiers van verskeie skole, wat die VCSV-kringleierskamp te Retiefkampterrein bygewoon het, het Spreuke 22:6 "Gee leiding aan die jongmens oor hoe hy moet leef," as leuse uitgeleef.

Die hoogtepunt was Saterdagaand om die kampvuur waar die lewensklippe wat in jou rugsak saamgedra word in die vuur gegooi is. Met die omdraai weg van die kampvuur het 'n brandende kruis Sy genade gewys. Een van die kringleiers aan die Hoërskool Sentraal, Elrie Meyer, het gesê: "Die lig van Jesus het my aangeraak en daarom wil ek dit graag uitstraal."

Die VCSV het ook vanjaar twee nuwe koördineerders. Me. Lindie Potgieter is 'n voormalige Pretorianer wat by Lewende Woord Moot werksaam was en is ook tans 'n lid van die Lewende Woord Bloemfontein se lofprysingsorkes. Me. Jannecke Koekemoer was voorheen verbonde aan die Hoërskool Wessel Maree te Odendaalsrus waar sy waardevolle geestelike werk onder die jeug gedoen het.

kultuur-kalender

5 MEI
SMA-Vertoonvenster

9 MEI
SAICE brugbou-kompetisie

11 MEI
Vrystaat Minquiz

13-14 MEI
ATKV-Applous Koorkompetisie

15 MEI
Afrikaanse geleentheid

18 MEI
VS-kunswedstryd: senior klavier

20 MEI
VS-kunswedstryd: junior klavier

22 MEI
ATKV-redenaars (semi-finaal)

22 MEI
Ma-en-Dogtertee

26 JUNIE
Voortrekkers: Winterkamp

27 JUNIE
AV-toer

6-13 JULIE
Aardrykskunde toer

11-15 JULIE
Voortrekkers: HW/PV-kamp

23-25 JULIE
Sentraal: *The Musical*



PLATO SE GROT

'n Ete met kerslig is nog altyd gesien as iets besonder romanties, totdat die praktyk byna elke aand beoefen moes word. *Load Shedding* oftewel beurtkrag het Suid-Afrikaners met 'n geweldige "krag" sedert die einde van 2014 getref.

Telkens tydens 2015 het dié gebeurtenis talle laat skarrel na 'n vorm van lig - van stormlampies tot gaslampies was 'n uitkoms.

Landsburgers het hulle eie klagtes afhangende van die tipe bedryf waarin hulle werk. Restauranteienaars kan nie sonder die duur uitgawe van kragopwekkers voortbestaan nie, kliënte wil bedien word en varsprodukte moet koudgehou word. Melkboere gooi liters suur melk weg as daar vir dae nie elektrisiteit is nie.

Dis alles geldige knelpunte, maar dinge wat jy nie kan verander nie kan wel anders lyk as jy jou houding verander. Dis trouens al waaroor jy darem beheer kan uitoefen terwyl jy intussen planne maak vir sonpanele, gasstowe en paraffienlampe nadat jy afbetaal het aan jou reënwatertenk.

Ou bordspeletjies is uit die kas gehaal en die ouer mense se kreatiwiteit om goeie stories te vertel is weer deur die jonger generasie waardeer.

Kinders het selfs lus gekry om 'n boek te begin lees. Hulle het begin verstaan waarom grootmense so aangaan oor boeke wat *myle* beter is as rolprente. Gelukkig is dit makliker om met 'n koplamp as by kerslig (selfs plat in jou bed) te lees.

Die waarheid bly ongelukkig staan dat sodra die alarm sy eerste piepgeluid gemaak het, sal almal weer na hulle normale roetine en elektroniese mens-onvriendelike krukke teruggekeer.

- Wysgeer



SMS jou gedagtes en WEN 'n prys!!
079 881 3779

REDAKSIONELE KOMMENTAAR

Tralies triomfeer met goeie talent

JOHAN CHAMPION



Dit is nie goed genoeg om goed te wees as jy die gawe het om beter te wees nie. – Alberta Lee Cox.


Die Tralie Varia is in sy 43e bestaansjaar. Vir sowat vier dekades het die Tralie Varia slegs as gevolg van die Tralies se talente en gawes bly dryf. Sonder die Tralies se deursettingsvermoë en volharding sou die Tralie Varia al jare gelede gesink het.

Die gordyn het reeds op die eerste kwartaal gesak en die einde van 'n uitmergelende stryd met die tweede kwartaal is al op die horison. Dié uitgawe is 'n bewys daarvan dat die Tralies nie terugstaan vir 'n bietjie sweet en bloed nie. Van atlete en skuts tot musikante - ieder en elk het bewys dat daar murg in die Tralies se pype is.

Die Tralies is talentvol en omskep hulle talente in opspraakwekkende triomfe. Van die tengerigste graad aggie tot die bullebak in graad 12. In hierdie uitgawe spog ons met uitmuntende prestasies.

Van die graad 8's se susksesvolle *Frozen*-oriënteringskonsert tot goue medaljes op die SA-atletiekkampioenskap, sowel as by die SA-lewensreddingkampioenskap.

Elkeen is in beheer van sy eie toekoms. Met talent soos dié, is die Tralies gereed om die wêreld te verander. Dit is soos Freda Linde eens gesê het: "Moenie sê dit is bokant my vuurmaakplek nie. Maak jou vuurmaakplek hoër."



REDAKSIE 2015

REDAKTEUR
Johan Champion

SUB-REDAKTEUR
Paul Joubert

NUUS
Maryna van Wyk – Bladredakteur
Anke Archer
Daniélle Skog, Lizé Jacobs
Nicci Cilliers
Anja Siemens
Leila Champion

KULTUUR
Leandrie Slabbert – Bladredakteur
Micarla du Plessis
Lisa-Mari de Klerk
Laura Theron

JOERNAAL
Paul Joubert – Bladredakteur
Lida Roodt
Karla Scheepers

KOSHUIS
Gerhard Steyn – Bladredakteur
Renette de Lange
Danelle Jacobs

SPORT
Marja-Lise Nel – Bladredakteur
Christine de Wet, Elrie Meyer
Zetské Posthumus
Suzel Lessing
Gyldan Lourens
Stephen Pretorius
Carl Kellerman
Jana Nel, Miché Nel

SPOTPRENTE
Emcee van der Merwe

FOTO'S
Gerduan Kemp
Corli Bekker

E-KOERANT Gerduan Kemp
(Skandeer die QR-kode op bladsy 2 om die Tralie Varia op jou slim-toestel gratis af te laai.)

GEDAGTES AGTER TRALIES

Geagte Redakteur

2015 – 'n Traliejaar vol Traliemakietie. Sentraal word 'n volle 110 jaar oud en die kalender is vol geleenthede om tradisies uit te leef.

Ek wonder of daar enige Tralietradisies bestaan of het dit 'n stille dood gesterf? Tradisies is nie stofgaarders nie. Dit moet jaarliks geleef en van een groep na die volgende oorgedra word.

Van jou eerste graad 8 intree tot jou laaste graad 12 uittree, kry jy geleenthede om positiewe verskille in Sentraal te maak. Die eerstespanne leef die 34 jaar oue tradisie uit met die dra van 'n bloktrui.

Vir my is die bekendste handelsmerk die immergroen *I'm a Tralie till I die* en die Traliehanddruk sorg vir 'n gevoel van: ek behoort. Die nuutste toevoeging tot die tradisies is die Traliedans.

Matrikulante sien hoe die uurglas leegloop. As deel van die 110-jaar feesvieringe hou Sentraal 'n musiekblyspel. Ek wonder wie die hoofrolle gaan vertolk? Kan hierdie nie dalk die geboorte van 'n nuwe tradisie wees nie?

- Tradisievaste Tralie

"Ballade" lei nuwe era van Afrikaanse films in

FLIEKRESENSIE

Dwarslat vir plaaslike vermaak word dramaties verhoog

PAUL JOUBERT

Titel: Ballade vir 'n Enkeling
Genre: Afrikaanse drama-misterie
Regie: Quentin Krog
Draaiboek: Leon van Nierop
Rolverdeling: Donnalee Roberts, Armand Aucamp, Rolanda Marais, Jacques Bessenger, Zak Hendrikz
Beperking: OL 16 TG
Aanbeveling: 9/10



'n Toneel uit Ballade met Jan-Paul en Lena. **Foto: Verskaf**

Ballade vir 'n Enkeling is 'n verrassende eiland in 'n see van flou Afrikaanse films. Hierdie drama-misterie is die skrywer en resensent Leon van Nierop se film-meesterstuk en kon nie op 'n meer gepaste tyd in die filmwêreld verskyn het nie.

Ballade vir 'n Enkeling is een van die móét sien films van die seisoen. Leon van Nierop het weer bewys dat hy met rede een van die land se top skrywers en filmkenners is.

Die film het gespruit uit die gelyknamige boek wat in 2014 vrygestel is en die gewilde televisiereeks van die 1980's. Van Nierop het in 'n onderhoud met Volksblad oor die boek opgemerk dat dit die eerste keer in sy lewe is dat hy die storie kon skryf soos wat hy dit wou gehad het: "Ek het nie aan 'n gehoor gedink nie of was ook nie bekommerd oor wie wat sou sê nie."

Jacques Rynhard (vertolk deur Armand Aucamp), talentvolle skrywer, verdwyn op die aand waartydens hy die gesogte Bassonprys vir sy boek, *Die Enkeling*, sou ontvang.

Carina Human (Donnalee Roberts) is na die oorhandigingseremonie gestuur om skandale oop te krap. Sy is die dogter van 'n legendariese joernalis, maar sukkel om haar pa se skoene vol te staan. Sy werk tans vir 'n skinderkoerant, maar poog om mettertyd 'n permanente posisie by 'n nasionale dagblad te bekom.

Carina volg Jacques se geskiedenis en vlek ou geheime oop. Op haar ontdekkingsreis leer sy van Jacques se trauma, vriende, vyande en die liefde. Hoe meer sy van Jacques te wete kom, hoe meer raak sy bewus van haar gevoelens vir hierdie onbekende persoon.

"Hierdie film sal die verbeelding van vele Suid-Afrikaners aangryp," het Donnalee Roberts gesê. "Hierdie karakter was anders as dié wat ek gewoonlik speel, maar ek kon veel meer met Carina identifiseer: ons is op dieselfde plek in ons lewens; hardwerkend en besig om te fokus op 'n loopbaan."

Nog 'n pluspunt vir hierdie film is dat daar nie 'n enkele Afrikaanse *popster* in die rolverdeling is nie – 'n populêre neiging in onlangse films. Die akteurs se toneelspel is van 'n hoë gehalte.

Afrikaans as amptelike taal is negentig



Grafika: Paul Joubert

KARLA SCHEEPERS & LIDA ROODT

Vanjaar vier Afrikaans negentig jaar as amptelike landstaal. 'n Paar leerders aan die Hoërskool Sentraal het hulle opinie oor ons moedertaal gelig.

Vrae soos: "Droom jy in Afrikaans?" en "Wat maak jou trots om Afrikaans te praat?" het positiewe reaksie ontlok. Hierdie is nie die tipe onderwerp waaroor leerders daagliks dink nie. In die sensus van 2011 het 7,1 miljoen landsburgers vermeld dat Afrikaans hulle moedertaal is.

Volgens me. Barbara Engelbrecht, Afrikaans vakhoof, is een van die voorregte waarop jongmense trots kan wees dat hulle daagliks in 'n minderheidstaal onderrig ontvang. "Ek is dankbaar om die geleentheid te hê om my brood en botter met en in my moedertaal te verdien." Leerders is nie bewus daarvan dat Afrikaans nié net uit Nederlands ontstaan het nie, maar uit 'n smeltpot van tale. Die vraag: "Dink jy dat Afrikaans in die toekoms sal uitsterf?" het oproer veroorsaak met 37% van die leerders wat voorspel dat ons moedertaal wel gaan uitsterf. Hierdie is dieselfde groep waarvan slegs 27% bewus is dat Afrikaans hierdie jaar al 90 jaar lank 'n amptelike taal is.

Leerders se gunsteling Afrikaanse musiekgroep is Die Heuwels Fantasties en hulle gunsteling fliek is *Ballade vir 'n Enkeling*, alhoewel nie almal Afrikaanse fliek- en musiekaanhangers is nie. Volgens hulle is die samebindende faktor wat Afrikaanssprekendes die trotsste maak egter die nasionale rugbyspan. Een van die gunsteling woorde om te sê is "lekker". 83% van leerders reken dat hulle hulle kinders Afrikaanssprekend sal grootmaak en 83% sê met groot oortuiging dat hulle trots Afrikaans is.

Ander woorde wat 'n glimlag op hulle gesigte gesit het was: kolwyntjie-kragie, vonkelwater, knormoer, flaterwater, rymkletser, woefkardoes en papiervampier.

Vreemdelinge is nie vreemd

LIDA ROODT

Die woord op almal se lippe is xenofobie. Dit is egter skokkend om te sien dat die groter meerderheid leerders nie weet wat dit beteken nie. Volgens die HAT is xenofobie: 'n vreemdelingehaat; afkeer van alles wat vreemd is.

'n Opname is onder die leerders aan die Hoërskool Sentraal gemaak om hulle mening ten opsigte van die xenofobie kwessie in ons land te bepaal. Die leerders is van mening dat alhoewel hulle nie aan xenofobie blootgestel word nie, dit nie 'n kwessie is wat geïgnoreer kan word nie. Xenofobie het 'n enorme impak op ons land se ekonomie wat uiteindelik as 'n negatiewe effek in die jeug se toekoms manifesteer. Dit kan die jeug se geleenthede plaaslik sowel as internasionaal belemmer.

Verder druis dié verskynsel ook teen hulle morele waardes in. As 'n waardegedrewe skool poog die Hoërskool Sentraal om binne sy eie milieu aan elke persoon sy unieke bestaansreg te gun.

Op die vraag of daar 'n oplossing vir die probleem is, kon niemand met 'n strategie vorendag kom nie. Die rede hiervoor is eenvoudig: daar is nie 'n kitsoplossing nie. Almal is dit eens dat daar gesoek moet word na die oorsaak van hierdie diepgewortelde woede.

'n Ander woord in die woordeboek is ubuntu: 'n lewensingesteldheid van medemenslikheid, hulpvaardigheid en barmhartigheid.

EMBROID & BRAND
www.embroidandbrand@gmail.com
Tel: 051 433 1730 en 081 448 5258

In Eie Haard koshuis word jy taai met 'n doel

Meelgesigte word einde ten laaste met waatlemoene gedoop tydens innaweek

GERHARD STEYN

Wat kry jy as jy eiers, meel en stroop meng? 'n Trotse Eie Haard sot. Dit was weereens die onvergeetlike *in bly* naweek van die Eie Haard koshuis van die Hoërskool Sentraal.

Die naweek is met 'n voete-raas-sokkie afgeskop. Die reuk van spek en eiers het almal vroeg uit die vere gehad. Die seuns se 'wêreldbeker' raakrugby, volgens Mia Wentzel onderhoofdogter van Eie Haard, het vroeg afgeskop. Die seuns neem dit egter ernstig op en na 'n taai stryd het die matrieks koning gekraai.

Die meisies het met 'n nuwe sport genaamd *frisbee*-netbal vorendag gekom. Oorspronklike krete het weergalm terwyl die meisies mekaar opgesweep het. 'n Gladde glybaan het in die besonder aan die matrieks genot verskaf. Die voorreg om vir die matrieks 'n vleisie te braai het vanjaar die graad 9-inwoners te beurt geval. "Dit is vir my elke jaar so lekker om te sien dat almal dié naweek geniet," sê Cobus Odendaal (koshuisvader).

Die hoogtepunt van dié naweek het aangebreek. Eie Haarders het nader gestaan om die doopseremonie van die graad 8-inwoners by te woon. Eiers, meel en stroop was die hoof bestanddele om die Eie Haard sot te vorm. Die meelgesigte het met 'n waatlemoengeveg die seremonie afgesluit.

Eie Haard het die nuwelinge met ope arms ontvang en hulle is nou deel van die Eie Haard familie.



Sotte skaterlag terwyl meel pittig met waatlemoenstukke afgewas word. **Foto: Geo Jooste**



Wilson-toffies reën in die laatnag

RENETTE DE LANGE

"As ek jou net kon laat lees, as ek jou net kon laat hoor..." Wat kan mooier wees as dié woorde van Johannes Kerkorrel?

Al wat mooier kan wees, is as hierdie woorde in dade omgesit word. Dit is presies wat Eie Haard koshuis se inwoners hierdie Valentynsdag gedoen het.

Vir twee weke is daar elke aand geoefen. Liedjies is uitgesoek, woorde is geleer en stemme moes harmonieer. Die meisies het hierdie taak geesdriftig aangepak en goeie samewerking getoon. Hulle was gereed om die seuns se voete onder hulle uit te sing!

Daar het egter eers 'n verrassing op hulle gewag. Grey se elite sanggroep, *Indomitus*, het die meisies kom beïndruk met hulle a capellasang. Nadat die meisies 'n paar nuwe sangtegnieke baasgeraak het, is hulle dadelik na die seuns van Eie Haard. Hulle bly tog altyd die eerste keuse.

Die meisies het 'n uitstekende uitvoering van agt oorspronklike liedjies gelewer. Die serenade repertoire het onder andere bestaan uit: *Ek en jy* van Dewald Wasserfall, *Chasing Cars* van Snow Patrol asook *Thinking out Loud* van Ed Sheeran.

"Die meisies het soos altyd met meer as net goue stemme bekoor. Ek is so bly dat ons skool die mooiste meisies in die stad het," sê Abé Bothma.

Vroeg oggend was dit die seuns se beurt om met kaal bolywe en kleurryke bas- en tenoorstemme die meisies te wek. "Dit is moeilik om te sê wat die meeste beïndruk het: hulle sang of hulle gespierde lywe," meen Georgie Jansen van Rensburg, hoofdogter van Eie Haard. Hulle het hulle laaste troefkaart gespeel en die meisies se harte laat bokspring deur *Wilson*-toffies te laat reën.

Hierdie spesiale serenades sal deel uitmaak van die skatkis herinneringe wat Eie Haarders altyd sal by bly.

Stories wat jou Ha(a)r(d)t vinnig laat klop

DANELLE JACOBS

Die Eie Haard koshuis is sinoniem met die hart van die Hoërskool Sentraal en is vir seker die Tralies se trots.

Die koshuis is 'n tweede tuiste vir 250 leerders. Nicola van Zyl, 'n graad 10-koshuisinwoner, het gesê: "Ons koshuis-brakke is soos een groot familie: ons sokkie saam, ons studeer saam en ons staan saam. My hare staan steeds regop as ek terugdink aan my graad 8-nonne aand. Dit is juis hier waar beste vriende gemaak word."

Eie Haard is met behulp van die NG- en Gereformeerde Kerk in 1933 gestig in een van die verpleegsterstehuise van die ou hospitaal. Vandag is dié gebou 'n koshuis. Die lang, koue gange laat steeds die graad 8's en sommige matrieks se hare rys.

Met so 'n ryke geskiedenis is daar soveel meer rede om katvoet te loop. Die koshuis is in 'n seuns- en dogtersvleuel verdeel. Laasgenoemde is die woning van 'n paar ongewensde, permanente, dwalende inwoners.

Die oorspronklike dogterskant van Eie Haard huisves dwalende nonne wat opwinding en skril gilletjies veroorsaak. Die koshuis was aanvanklik 'n verpleegsters-tehuise waar 'n non met die naam Maria gewoon het. Volgens die legende, het Maria tydens 'n brand haar ongehude dogter, Sophie, wat sy in 'n staalkas versteek het, tevergeefs probeer red.

Tydens die reddingspoging het beide van hulle hulle lewens verloor. Maria loop vandag nog soekend na haar dogter in die gange van Eie Haard. Soms, tydens volmaan, kan die klap-klap geluid van 'n beangste Sophie teen die staaldeure gehoor word.

Vera van Zyl, 'n graad 8-Eie Haarder, het tergend gesê: "Die spookstories is amper so erg soos die matrieks."

Kaapse toer brei rugbyspanne

GYLDAN LOURENS & JANA NEL

Tradisioneel toer die rugbyspanne aan die Hoërskool Sentraal gedurende die April-vakansie. Die rugbyspanne het koers gekies na die *Stormers* se kontrei.

Teen die Hoërskole Belville en Kempton Park het die eerstespan ongelukkig die onderspit gedelf. Hulle het egter hulle sokkies opgetrek en spog met 'n pragoorwinning van 22-16 teen die Hoërskool Brandwag. Jan le Roux het die toekenning vir die beste linkervleuel tydens die toer ontvang. "Dit was 'n uitdagende toer waartydens ons die kans gekry het om ons teen van die beste skole in die land te meet," sê Le Roux (graad 12-leerder).

Die o.14 A-, o.15 A- en o.16 A-spanne het ten spyte van 'n taai toer waardevolle wedstrydondervinding opgedoen. Van die besienswaardighede wat die onderskeie spanne besoek het sluit *Ratanga Junction* en die Springbok rugbymuseum in. Heinrich Kotze, kaptein van die o.15 span, sê: " Dit is nie die hoeveelheid wenne wat vir ons getel het nie, maar die hoeveelheid *memories* wat ons terug gebring het."

Gedurende die K2 Kleinkaroo Top Skoletoernooi te Oudtshoorn was die Hoërskool Sentraal gereed vir die uitdaging wat hulle in die gesig gestaar het.

Die span se wedstryd teen die Hoër Landbouskool Marlow het baie goed begin. "Sentraal het die wedstryd deurgaans gedomineer, maar het in die doodsnikke 'n strafskop afgestaan," is die kommentaar van mnr. Jorrie Grobler, aktiwiteitshoof aan die Hoërskool Sentraal. Marlow het die wedstryd met 'n telling van 14-12 beklink.

Volgende aan die beurt was die wedstryd teen Worcester Gimnasium. Die Hoërskool Sentraal het die wedstryd met 'n telling van 10-26 verloor.

Sentraal se eerstespan beklee tans die eerste posisie in die Vrystaatskole A-liga en het sodoende deurgedring na die semi-finale.

Tralienetbal bly die gunstelinge

Eerstespan presteer ter voorbereiding vir nuwe seisoen



Dané Klopper maak dit moeilik vir haar opponente om die bal verby haar te kry. **Foto: Geo Jooste**

MARYNA VAN WYK

Die Hoërskool Sentraal se eerste netbalspan word na afloop van die Wildeklawertoernooi as die naasbeste netbalspan in die land gereken. Die toernooi is die grootste skolerugby- en netbaltoernooi in Suid-Afrika.

"Die Wildeklawertoernooi is jaarliks 'n hoogtepunt, want hier kan ons teen die 12 beste skole in die land kompeteer," sê me. Retha de Lange, afrigter van die eerste netbalspan. Die eerstespan het almal se verwagtinge oortref nadat hulle in die eerste groepwedstryd die Hoërskool Menlopark met 'n oortuigende 29-15 geklop het. Sentraal het reeds vroeër in die seisoen met die span kragte gemeet waar nie een die oorhand kon kry nie.

Die Hoërskool Paarl Gimnasium was die enigste span in die groep wat Sentraal kon uitoorlê (24-25). Die Hoërskool Diamantveld was ook in die groep ingedeel. Tydens hierdie wedstryd het die Tralies met 'n telling van 34-16 geseëvier. Die Hoërskool Sentraal eindig dus eerste in sy groep en moes teen die Hoërskool Middelburg uitspeel. Na 'n uitmergelende styd is Sentraal as die wenner (26-23) gekroon.

Tydens die laaste dag van hierdie toernooi was die spelers, sowel as toeskouers, gereed vir witwarm netbal. Selfs mnr. Johan Vorster, skoolhoof aan die Hoërskool Sentraal, en mnr. Louis Siemens, voorsitter van dié skool se beheerliggaam, het hulle ondersteunerspette opgesit om die span aan te moedig. Die Hoërskool Sentraal moes teen die Hoërskool Stellenberg sowel as die Wildeklawer uitnodigingspan (o.17 SA-Skole netbalspan 2014) uitspeel in die stryd om die top 3 plekke. Stellenberg moes die knie buig teen die span van die Rosestad (41-57) wat die algehele tweede plek behaal het. "Sentraal se eerste netbalspan is die vaandeldraers van die skool," meen mnr. Vorster.

Swemmers wys hul goue skubbe

CARL & STEPHEN

Die Interhoër is altyd 'n prestige geleentheid. Die voorstelling van elke skool se span het die weg na die podium gebaan.

Die Tralies het vanjaar met 'n groot medalje-oes gespog. Bo-aan hierdie lys is Wesley Schutte, Eben Vorster, Megan Hugo en Coreen Hechter. Schutte (seuns 17-19) verower onderskeidelik drie goue- en drie silwermedaljes in vryslag, rugslag en vlinderslag. Vorster (seuns 17-19) verower drie goue- en een silwermedalje. Hugo (dogters 17-19) verower een goue-, een silwer- en twee bronsmedaljes. Hechter (dogters 13-14) verower een goue- en een bronsmedalje.

Die seunspan spog met 'n algehele 2e plek en die dogters volg kort op hulle hakke met 'n welverdiende 3e plek.

Wesley Schutte het as lid van die Vrystaatspan aan die Senior nasionale kampioenskap (Jeug) deelgeneem. "Ek het definitief besef dat die kompetisie op juniorvlak baie anders as dié van die seniors is," sê Schutte.



Eben Vorster wys sy slag in vlinderslag. **Foto: Gerduan Kemp**

Wintersport wys ware kleure by sportdag

ZETSKÉ & STEPHEN PRETORIUS

Die jaarlikse Fichardtpark-sportdag wat gedurende Maart plaasgevind het, was 'n groot hoogtepunt op die Hoërskool Sentraal se kalender. Skole van regoor Suid-Afrika het in nat en modderige weersomstandighede meegeding.

Daar was geen twyfel dat die Hoërskool Sentraal op alle terreine hulle staal gewys het nie. Die eerste rugbyspan was in 'n titaniese stryd met die Hoërskool Diamantveld gewikkel. Die Traliemanne het in die laaste minute van die senutergende wedstryd hulle karakter gewys deur die agterstand uit te wis. Die telbord vertel dié naelbytstorie van 22-20.

Die netbalspanne het almal, met die uisondering van een, die wenwa deur die drif getrek. Die eerste netbalspan het teen die Hoërskool Noord-Kaap geseëvier, met 'n telling van 44-19.

Die eerste dogterspan het algeheel sewende geëindig. Van die seuns se rugbywedstryde is as gevolg van ongunstige weerstoestande gekanselleer.

Die hokkie se eerste dogterspan het teen die Hoërskool Noord-Kaap vasgeval en met 'n telling van 0-2 die onderspit gedelf. Die seuns het gelykop (1-1) teen die Hoërskool Sterling gespeel.

'n Wenresep vir 'n sportdag is goeie sportmangees, respek vir jou medespelers en toewyding. "Dit gaan 'n *great* sportjaar vir Sentraal wees," het mnr. Louis Siemens, voorsitter van die beheerliggaam, gesê.

Skuts skiet talle kolskote tot in die buiteland

ELRIE MEYER

Die Hoërskool Sentraal spog vanjaar met die uitmuntende prestasies van twee skuts waarop hulle trots kan wees. Tydens die eerste kwartaal het die *British Junior Internasional*-proewe in verskeie provinsies plaasgevind. Hier het van die land se talentvolste skuts teen mekaar meegeding.

Die uitslae wat tydens hierdie proewe behaal is, is aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Skole Skutters Unie (SANSSU) gegee.

Die 60 beste skuts van regoor die land is gekies om in Florida, VSA, aan die finale proewe te gaan deelneem. SJ le Roux en Pieter Luttig, beide leerders aan die Hoërskool Sentraal, is die geleentheid gegun om aan hierdie proewe te kon deelneem.

Teen die einde van hierdie proewe is die 15 beste skuts gekies. SJ le Roux is ingesluit om SANSSU te verteenwoordig waar hulle aan die BJI-skyfskietkompetisie te Londen in Engeland gaan deelneem. Hierdie spesiale geleentheid sal in Augustus 2015 plaasvind. "Ek is baie opgewonde oor wat die toekoms inhou en ek weet dat ek die geleentheid ten volle sal benut," was Le Roux se kommentaar.

Wentyd in die wynland vir Tralies

Eerstespanne blink uit by hokkietoernooi te Stellenbosch

CHRISTINE DE WET

Die Hoërskool Sentraal se o.19A-hokkiespanne, van beide die seuns en die dogters, het aan die *Steinhoff* Maties hokkiekamp 2015 te Stellenbosch deelgeneem. Die toernooi is baie gewild en is deur 12 dogterspanne en 10 seunspanne bygewoon.

Beide spanne het die Hoërskool Sentraal eer aangedoen deur drie uit hulle vyf wedstryde oortuigend te wen. Na afloop van die hokkietoernooi eindig die seuns algeheel in die derde plek en die dogters eindig algeheel vyfde.

Die bergryke omgewing en rye wingerde was vir almal 'n onvergeetlike gesig. Dit is nie 'n alledaagse gesig vir 'n Vrystater nie. Die toer het nie net bestaan uit wedstryde nie, maar ook uit ontspanning. Daar was tyd vir voete natmaak in die see en ook besoeke aan geskiedkundige plekke.

Die hoogtepunt van die toernooi was vir seker die erkenning wat aan die spelers nl. Georgie Jansen van Rensburg, Leonore Prinsloo, Marli Vorster, Altanja de Vos, Eric Wesi en Foxie van Coppenhagen (as die belowendste spelers op die toernooi) gegee is. Mian Noordman is ook as die belowendste doelwagter van die toernooi aangewys.

"Die spangees is ongelooflik en dis voorwaar 'n eer om saam met dié meisies te kan hokkie speel. Ons almal speel vir die liefde van die spel," was die woorde van Georgie Jansen van Rensburg en Alri Vorster.

So het alle goeie dinge vir die Tralies tot 'n einde gekom en moes hulle die groen wynlande verruil vir die warm Vrystaatse son.

Me. Lindie Potgieter (aktiwiteitshoof van die hokkiedogters) sê: "Dit was die eerste keer dat ek saam met die groep meisies getoer het. Ek is opgewonde oor die seisoen wat voorlê."



Leonore Prinsloo kaptein van die eerstespan speel 'n harde wedstryd. **Foto: Verskaf**

Vanjaar se fees teen Klofies stel nie teleur nie

SUZÉL LESSING

Die Hoërskool Sentraal se eerste netbalspan het vanjaar aan Waterkloof, Pretoria, se jaarlikse 'Klofie-Netbalfees' deelgeneem. Die toernooi het gedurende die Aprilvakansie plaasgevind. Verskeie spanne (37) uit elke provinsie het aan die netbalfees deelgeneem.

Die span is deur mee. Saré Hattingh, Retha de Lange en Christene Wall vergesel. Die span word gelei deur Danielle Bester (graad 12) en Dané Klopper (graad 11) ondersteun haar as onderkaptein. Sentraal is al vyf keer by die Klofiefees verteenwoordig.

Die fees is op 'n hoë noot, met 'n oorwinning teen Menlopark (44-6), begin. Die span het teen 11 spanne gekompeteer waarvan hulle nege wedstryde gewen het. Die netbalmeisies het weereens gewys wat in hulle steek.

"Sentraal se netbalspeelsters is altyd staatmakers en die jaar is geensins 'n uitsondering nie," sê Ashley Murley (hoofdoel van die span). Die Tralies het onoorwonne uit die netbalfees getree nadat hulle slegs twee van hulle wedstryde, teen Vereeniging Gimnasium en die Hoërskool Stellenberg van Kaapstad, gelykop gespeel het.

Sentraal het vanjaar 'n jong, onervare span en die afrigter, sowel as die speelsters, sien uit daarna om die seisoen weer 'n band van vertroue te bou. "Ons is nie net spanmaats op die baan nie, maar susters wat mekaar ondersteun," meen Arné Fourie, graad 10-nuweling in die span. Die eerste netbalspan stel weereens 'n navolgenswaardige voorbeeld vir die ander spanne om na te volg.

"Ons is 'n hegte groep sportvroue met 'n passie vir netbal. Ons oefen hard en toegewyd en ondersteun en motiveer mekaar ook as vriendinne," sê Bester na hulle suksesvolle fees.

Meiring mik vir vyf Olimpiese ringe



Nadia Meiring laat hamergooi baie eenvoudig lyk. **Foto: Verskaf**

ZETSKÉ POSTHUMUS

„As jy die beste in jou sport wil wees moet jy saam met die beste oefenmaats en afrigter oefen." Nadia Meiring, 'n graad 12-leerder aan die Hoërskool Sentraal, skoei haar baie suksesvolle atletiekloopbaan op dié aanhaling van Usain Bolt.

Harde werk en dissipline is deel van haar daaglikse roetine om doelgerig haar doelwitte te bereik. Sy volg 'n daaglikse oefenprogram by die FSSSI en werk nou saam met haar afrigter om haar tegniek te vervolmaak.

Sy is lid van die Vrystaatspan wat aan die ASA Senior atletiekbyeenkoms deelneem. Sy sonder die geleentheid om as VSSA se sportmedia ambassadeur 2015 aangewys te word as een van die seisoen se hoogtepunte uit.

Nog 'n top prestasie was om as lid van die SA-Junior groep aan die Afrika Spele deel te neem. Sy is ook in die ontwikkelingspan ingesluit met die oog op die Olimpiese Spele vir 2016.

Sy was ook deel van die ASA Senior uitnodigingspan na die byeenkoms te Groenpunt, Kaapstad. Tydens hierdie byeenkoms eindig dié junior atleet derde in die hamergooi item.

Snoeker is nie meer 'n nuutjie

CARL KELLERMAN

Vier leerders aan die Hoërskool Sentraal het aan die Suid-Afrikaanse nasionale snoekerkampioenskap te Bloemfontein deelgeneem en goed gevaar.

JC Yssel het sesde in die o.16-afdeling geëindig en Jonathan Spreeth het met die tweede plek en 'n R500 kontantprys in dieselfde ouderdomsgroep weggestap. Steven Daniels het ook in die o.16-afdeling deelgeneem en het R200 prysgeld vir die hoogste breek gewen. Brandon Heckroodt het in die o.23-afdeling 'n sesde plek behaal.

Snoeker is op skolevlak nog 'n relatiewe onbekende sportsoort. Dit is 'n baie tegniese sportsoort en verg baie goeie hand- en oogkoördinasie. Die hoofdoel is om al die ander balle op die tafel met die wit bal in die onderskeie gate te skiet. Die speler met die hoogste punte wen.

"Ek geniet dit baie om snoeker, potspel en biljard te speel," sê die entoesiastiese Spreeth.

Snoeker is beslis 'n sportsoort om in die toekoms dop te hou.



Jonathan Spreeth lê aan om die nr. 5 bal in die sakkie te laat val. **Foto: Gerduan Kemp**

UITSLAE

Interskole: JF-Sentraal FNB Classic Clash

Span	*JF*	*HS*	*Uitslag*
Tennis	26	52	Wen
Skaak			
A-span	0	6	Wen
B-span	3	3	Gelyk
Hokkie			
o.18A dogters	0	1	Wen
o.18A seuns	3	1	Verloor
o.18B dogters	1	1	Gelyk
o.16A dogters	5	0	Verloor
o.16A seuns	5	0	Verloor
o.16B dogters	5	0	Verloor
o.16C dogters	3	0	Verloor
o.14A seuns	1	2	Wen
o.14A dogters	4	1	Verloor
o.14B seuns	0	1	Wen
Rugby			
o.19A	16	25	Wen
o.19B	0	54	Wen
o.19C	21	27	Wen
o.16A	38	10	Verloor
o.15A	21	19	Verloor
o.15B	39	10	Verloor
o.14A	20	14	Verloor
Netbal			
o.19A	13	45	Wen
o.19B	8	32	Wen
o.19C	12	27	Wen
o.17A	5	25	Wen
o.16A	5	43	Wen
o.16B	5	29	Wen
o.15A	11	32	Wen
o.15B	7	25	Wen
o.14A	18	27	Wen
o.14B	22	18	Verloor
Potspel			
A-span	11	14	Wen
B-span	7	18	Wen

SA-Skole atletiekkampioenskap

1e plekke
Esli Lamley
(Paalspring Dogters o.17)
Nadia Meiring
(Hamergooi Dogters o.19)
Laurika Pansegrouw
(Paalspring Dogters o.19)

2e plekke
Maryna van Wyk
(100m Hekkies Dogters o.17;
4 x 100m Aflos Dogters o.17)
Marja-Lise Nel
(Medley Aflos Dogters o.17;
4 x 100m Aflos Dogters o.17)
Bianca Steyn
(Paalspring Dogters o.19)

3e plekke
Maryna van Wyk
(400m Hekkies Dogters o.17)
Zaine de la Rey
(Paalspring Seuns o.15)

ASA Jeug- en juniorkampioenskap

2e plekke
Maryna van Wyk
(100m Hekkies Dogters o.17;
400m Hekkies Dogters o.17)
Zaine de la Rey
(Paalspring Seuns o.15)
Lu-Zahn Jansen van Rensburg
(4x 100m Aflos Dogters o.15)

Atlete spog met goue medalje oes

Jare lange tradisie van puik atletiekprestasies leef voort

MARJA-LISE NEL


Die Hoërskool Sentraal bied jaarliks die prestige Top 20-Atletiekbyeenkoms in Bloemfontein aan.

Wat die jaar besonder maak, is die prestasie van die onstuitbare Maryna van Wyk in die hekkie items - die 400m sowel as die 100m. Sy is aangewys as een van die top atlete tydens die byeenkoms op grond van die 900 punte wat sy op die *Athletics Performane Evaluation*-tabel verwerf het. Die titel van die beste gekombineerde skool is al 16 jaar in die visier. Tralie-atlete pronk met 13 welverdiende medaljes wat bydra tot die ontvangs van dié lourierkrans op die hoogste trap van die podium.

Tydens die Vrystaat Interhoër byeenkoms het die Tralies hulleself weliswaar bewys. Die medalje oes van 26 medaljes, waarvan 13 goud die kroon span, was die hoogtepunt. Uit 160 deelnemende skole het die Hoërskool Sentraal saam met HTS Louis Botha die derde plek beklee. Die Tralies spog met 14 atlete wat deel uitmaak van die Vrystaatspan wat aan die SA-Skole atletiekkampioenskap te Rustenburg deelgeneem het.

Die Hoërskool Sentraal het beslis hulle kort, maar blitsige atletiekseisoen op 'n hoë noot afgesluit. Tydens die SA-Skole kampioenskap het die 14 Tralies hulle staal gewys en drie goue-, drie silwer- en twee bronsmedaljes verower. Esli Lamley (paalspring D17), Nadia Meiring (hamergooi D19) en Laurika Pansegrouw (paalspring D19) verwerf goud en staan as Suid-Afrikaanse kampioene bekend. Christiaan Duvenage verwerf 'n goud in die paalspring sub-jeug seuns.

"Baie dankie aan al die afrigters, atlete en ouers wat deur middel van hulle betrokkenheid sorg dat die Hoërskool Sentraal steeds groot hoogtes as een van die beste atletiekskole kan bereik," het mnr. Nico van Rensburg, aktiwiteitshoof, gesê.



Maryna van Wyk op pad om die lint te breek in 100m hekkies. **Foto: Geo Jooste**

Tralies sit skouer aan die wiel

MICHÉ NEL

Die Hoërskool Waterkloof (Klofies) te Pretoria was vanjaar die gasheer vir die jaarlikse inter. Die Klofie gasvryheid het die Tralies dadelik laat tuis voel toe hulle hulle *naweek ouers* ontmoet het.

Die eerste netbalspan het hulle naam gestand gedoen en skoonskip gemaak en die Klofies met 'n pragtelling van 31-20 verslaan. Vanjaar het die Klofies se eerste rugbyspan die Tralies met 'n telling van 48-5 geklop. Die Traliemanne het egter nooit tou opgegooi nie en die wedstryd met 'n skitter drie van EP Nel beëindig .

Ten spyte van 'n opdraende stryd op die hokkieveld het die o.14A-seuns gelykop gespeel. Die eerste hokkiespanne het 'n paar uitblinkers. "Die inter was 'n onvergeetlike belewenis. Ons het baie daarby gebaat en ons spel het definitief verbeter," sê Grizel Grobbelaar, lid van die eerste hokkiespan.



EP Nel maak 'n klipharde duikslag teen Waterkloof. **Foto: Verskaf**

Met 'n skaakstuk in die hand is spelers op die aanval

GYLDAN LOURENS

Die woord skaak kom van die Persiese woord *sjah*, wat koning beteken. Ook die woord *mat* is Persies en beteken hulpeloos. Skaak is 'n klassieke, strategiese spel wat meer as 1500 jaar gelede in Indië begin het. Dit word steeds beskou as 'n spel wat voordelig en effektief vir leer- en ontwikkellingsvaardighede is.

Die Hoërskool Sentraal se skaakkalender het reeds vroeg in die jaar met die Grey toernooi afgeskop. Na die toernooi was die skaakspelers gerat en gesinchroniseer vir oorwinning. Die baanbrekerswerk tydens die toernooi kon nie naastenby vergelyk word met die spankragmeting van die Fichardtpark-sportdag nie.

Die entoesiasme en toegewyde oefening het gelei tot die uitmuntende prestasie tydens dié sportdag. Die Tralies het nie die kar voor die perde gespan nie en het koning gekraai. Die skaakspan is met 'n welverdiende eerste plek van 9,5 punte beloon. Die tweede plek is aan die Hoërskool Eunice met 8,5 punte toegeken. Die Hoërskool Brebner en die Hoërskool Grey Kollege het gesamentlik met 8 punte die derde plek ingeneem.

"Ons skaakspelers se selfvertoue het baie verbeter. Ons sien uit na uitdagende kragmetings," is die opmerking van me. Jannecke Koekemoer, aktiwiteitshoof.

sportkalender

1 Mei	Luggeweerskiet: Posliga teikens na provinsies	22 Mei	Landloop Liga 3
9 Mei	Netbal: Motheo proewe	23 Mei	Netbal: Vrystaat proewe @ Sasolburg
13 Mei	Tennis Liga	2 Junie	Rugby: Vrystaat proewe
15 Mei	FNB *Clasic Clash*	5 Junie	Landloop Liga 4
	Landloop: Liga 2	6 Junie	Rugby: Vrystaat proewe
16 Mei	FNB *Clasic Clash*	12 Junie	Netbal: Vrystaat Challenge @ Bethlehem
20 Mei	Prysskiet 4 en Posliga	20 Junie	Rugby: Vrystaat Bondedag @ Grey

uit my oogpunt...



Sentraal is vanjaar 110 jaar oud. Dié skool presteer steeds in verskeie sportsoorte op nasionale vlak. Nadia Meiring is een van die uitblinkers met haar pragprestasie van 'n vierde plek in die hamergooi item. Die prestasie het sy tydens die Senior nasionale byeenkoms behaal. Die netbal spog met 8 spanne in die A-liga se finaal teen Oranje waarvan 5 spanne gewen het. Ruan Coetzee en Moné de Jager is gekies om Suid-Afrika later vanjaar by die Statebondspele in skerm te verteenwoordig. Na die Junievakansie is dit tyd vir die finale rugbywedstryde. Die ondersteuners staan bankvas agter die Tralies.

Tellingborde doen praatwerk

Hoërskool Sentraal domineer FNB Classic Clash op opponente se tuisveld

ELRIE MEYER

Die Hoërskool Sentraal en die Hoërskool Jim Fouché het vanjaar die *Classic Clash* se gordyn met 'n opwindende talentkompetisie gelig. Gustav Henning en Gerhard Steyn (graad 12-Tralies) het die ander deelnemers laat les opsê toe hulle die eerste twee plekke verower het.

Tradisioneel het die Hoërskool Sentraal 'n groot geesvangaand gehou waartydens al die deelnemende sportspanne voorgestel is. Vanjaar was die verrassing groot toe die onderwysers "wat tel" in die skoolsaal voorgestel is. Die onderwysers, in hulle unieke sportdrag, is luidkeels deur die leerders toegejuig. Dit het bygedra tot die sportmangees van die naweek.

Die Tralies se skaakspan het die span van JF onttroon. Die tennisspanne het ook amok gemaak toe hulle vir JF op hulle eie bane verslaan het.

Die potspel het ook vir JF vol gate geskiet. Die Traliemeisies van die eerste hokkiespan is na hulle oorwinning van 1-0 toegejuig.

Beide skole se ondersteuners het om die netbalbaan saamgedrom om hulle spanne aan te moedig. Die Hoërskool Sentraal het die een na die ander oorwinning ingeryg. Die eerstespan het met die louere weggestap met 'n telling van 45-13.

Die Tralies het met 'n f(v)lambojante optog die eerste rugbyspan op die veld gelei. Die hoogtepunt van die optog was toe die leerders dié skool se 110 bestaansjaar in wit gebraille het. Sentraal het JF op hulle neuse laat kyk met 'n oorwinning van 25-16.

"In ons 110e bestaansjaar was die ervaring van die *Classic Clash* baie inspirerend en het die BLOKKE inderdaad die beker huis toe gebring," sê mnr. Johan Vorster (skoolhoof aan die Hoërskool Sentraal).



Vlooi le Grange breek die voordeellyn met 'n systap teen die Hoërskool Jim Fouché. **Foto: Geo Jooste**



MOENIE UITMIS OP DIE COOLSTE Party GOODIES IN DIE STAD



"CRAFTS" VIR SKOOLPROJEKTE: KWASTE, VERF, PAPIER, ENS

KOSTUUM BENODIGHEDE: HOEDE, PRUIKE, MASKERS, ENS

BALLONNE EN HELIUM

ALLE BAKBENODIGHEDE: FONDANT, KOEKKLEURSEL, BAK SJOKOLADE EN SOMMER ALS WAT JY NODIG HET OM AWESOME STUFF TE MAAK!

iParty YOUR party warehouse

160 NELSON MANDELA DRIVE WESTDENE · BLOEMFONTEIN 051 448 5606